# H O O F S T U K IV.

## DIE ONDERWYS OP POTCHEFSTROOM TOT 1852.

### 1. Die stigting van Potchefstroom.

Andries Hendrik Potgieter, leier van die eerste groot georganiseerde Trek uit die Kaapkolonie, se ideaal was, soos sy latere politieke strewe bevestig, om hom so ver van die Britse gesag te verwyder dat geen gemeenskaplike bande, geen staatkundige- of handelsbetrekkinge hom aan die gesag sou bind nie.[1]

Na die ongelukkige Italeni-geveg in April 1838 is hy weer terug oor die Drakensberge na die Oorvaalse gebied „waar hy sig in November 1838 in patriargale welbehae neergelaat het aan die groene beemde van die Mooirivier."[2] Hier het hy Potchefstroom,[3] afwisselend ook bekend as Mooiriviersdorp en Vryburg, aangelê op 'n terrein ongeveer sewe myl hoër op langs die rivier as waar die dorp vandag geleë is.[4]

Dit het egter spoedig geblyk dat die terrein ongeskik was vir 'n dorp en na swaar reëns in 1840, is besluit om die dorp laer af langs die rivier te verskuif.[5] Hierdie tweede keuse vir 'n dorpsaanleg is gedoen „with the eye for the practical which distinguished the Dutch Pioneers, when selecting a site for their homesteads."[6]

Die Kerklike/....

---

1. Preller: Voortrekkermense 1, 263.
   Badenhorst: Potchefstroom 1838-1938, 9.
   Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 143.
2. Preller: Andries Pretorius, 129.
3. Pot = Potgieter, chef = hoofkommandant, stroom = mooirivier.
4. Preller, t.a.p., 129.
   Potgieter en Theunissen, t.a.p., 114.
5. Badenhorst, t.a.p., 12.
6. Jeppe: The Transvaal Book Almanac, 63.

2. Die Kerklike Toestande.

Omdat die ontstaan en groei van die eerste gemeente in die Oorvaalse gebied, sowel as die besoeke van predikante van die Kaapse Sinode aan die Emigrante op Potchefstroom, lig werp op die onderwystoestande, moet ons dit kortliks ondersoek.

Die kerksake was ten Weste van die Drakensberge nog nie gereël nie. Op versoek van die Potchefstroomse Adjunkraad het die Natalse Volksraad egter op 23 Februarie 1842 drie ouderlinge en vier diakens vir Transvaal aangestel.[1] Transvaal het hiermee sy eerste Kerkraad gekry en die hele Oorvaalse gebied het een gemeente gevorm.

Daniël Lindley, die Amerikaanse sendeling wat in Januarie 1840 deur die Natalse Volksraad as predikant onder die Voortrekkers aangestel is, het op daardie tydstip die dienste onder die Voortrekkers in Natal waargeneem. Dit was egter slegs 'n tydelike maatreël omdat daar geen ander predikante was nie.[2]

Lindley se voorganger was die beter bekende Erasmus Smit, onderwyser en predikant, maar na die dood van Piet Retief het Smit vrywel alle steun verloor en hom op Pietermaritzburg gevestig.[3]

Lindley is kort na die benoeming van hierdie Wes-Drakensberge kerkraad daarheen om kerk te hou/.. ........

1. Engelbrecht: Gesk. van die Ned. Herv. Gemeente van Potchefstroom. 1842-1942, 18.
2. Preller: Andries Pretorius, 460.
3. Engelbrecht, t.a.p., 18.

te hou. Hierdie eerste kerkdienste op Potchefstroom is op 26 en 27 Maart 1842 gehou. Lindley het by hierdie eerste geleentheid 189 kinders gedoop en 103 lidmate aangeneem.[1)]

Hierdie getalle is ook vir 'n ondersoek na die onderwystoestande van belang, want hierdie 103 lidmate moes, afgesien van die kennis van die Bybel en Kort Begrip, ook uit die Bybel kon lees. Wie was dan hulle katkiseermeester en onderwyser? Dit was hulle vaders en moeders, in sommige gevalle moontlik bygestaan deur een of ander huisonderwyser.

In Mei en Junie 1844 was Lindley weer op Potchefstroom waar hy 124 kinders gedoop en slegs 18 lidmate aangeneem het.[2)] Hierdie vermindering in die getal lidmate wat aangeneem is, mag ook dui op verswakte onderwystoestande.

Die kerklike en onderwystoestande gedurende hierdie jare word deur Theal as volg beskryf: [3)]
„ The reverend Daniel Lindley, of Maritzburg, had had occasional services at Potchefstroom and Winburg, otherwise the emigrants had been without clerical guidance for twelve years, though lay services had constantly been kept up.

Marriages had been performed before civil courts. Baptism had been deferred since Mr.Lindley's last tour, when over five hundred children were brought to him to be admitted by that sacrament into the christian community.

During these/.....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 18.
2. Ibid., 19.
3. Theal: History of S.A. since 1795, vol.IV,445.

During these years it had not been possible to have schools, and the most that parents could do for their children was to teach them to spell out with difficulty the easier passages of the Bible. That was the one sole volume from which all the history, the geography, and the science known to the generation that grew up in the wandering was derived. And the simple language of the old testament, much of it applying to a people, leading a similar life to their own, moving about in a wilderness, depending upon flocks and herds, fighting with heathen tribes for existence, had a meaning for them which it cannot have for dwellers in the towns of Europe. The very skies and landscapes, the storms and the droughts, the animals and the plants of the ancient scriptures, were the same that they were familiar with. Thus they came to regard themselves as God's peculiar people, and to consider all education beyond that of the Bible as superfluous, and all that was not in accord with its science dangerous and sinful."[1)]

In Oktober 1847 het die Kaapse Sinode, wat toe in Kaapstad in sitting was, besluit om 'n deputasie, wat bestaan het uit di. A.Murray en P.K. Albertyn en Oudle. Pienaar en de Wet, na die Emigrante Noord van die Oranjerivier te stuur.[2)]

Vanaf 10 tot 19 April 1848 het Di. Murray en Albertyn op Potchefstroom dienste gehou. Die emigrante/......

---

1. Vergelyk in hierdie verband die idees van die sg. Jerusalemgangers - eerste sekte op Transvaalse bodem.
   Engelbrecht - „ Die Jerusalemgangers," in die Almanak van die Ned.Herv.Kerk van Afrika,1947, 61.
2. Dreyer, t.a.p.,87.
   Engelbrecht,t.a.p.,27.

Die emigrante was egter agterdogtig teenoor hierdie predikante van die Kaap.[1] Andries Pretorius self het nie een van die dienste bygewoon nie.[2]

In sy reisverhaal meld Dr. Robertson ook „ eenige terughoudenheid by de menschen omtrent ons meenden te ontdekken."[3]

In Oktober 1848 het 'n tweede deputasie, bestaande uit Dr. William Robertson en Ds. P.E. Faure „ in accordance with the wishes of his excellency" 'n besoek aan die emigrante gebring.[4]

Hierdie deputasies is gevolg deur ander. In April 1851 was Ds. A. Murray, vergesel van sy broer Ds. John Murray, weer op Potchefstroom. Aan die begin van 1852 was dit Di. Andrew Murray en J.H. Neethling wat die emigrante besoek het, en as volg skryf oor die toestande wat lig werp op die onderwys:[5] „ Myne (d.i. Ds. Neethling) aannemelingen konden bykans allen lezen. Slechts dezen werden tot het verdere onderzoek toegelaten. De „ vragen" brengen geene zwarigheid teweeg. Wie toch kent zyne vragen niet, die zich wil laten aannemen? Daar sy echter by het onderzoek naar hunne Bybelkunde wat gebrekkig bleken te zyn, en ik na drie maanden, andermaal in hun midden hoopte te wezen, stelde ik de aanneming uit. Hoewel dit eenige ontevredenheid veroorzaakte, heb ik daarvan geen berouw gehad. Later bevond ik, dat velen zich regt vlytig op de kennis van Gods Woord hadden toegelegd."

op 19 April/.........

---

1. R74/41.
2. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente van Potchefstroom 1842 - 1942, 28.
3. Speolstra, t.a.p., 77.
4. Engelbrecht, t.a.p., 28.
5. Spoelstra t.a.p., 112.

Op 19 April 1851 is die eerste kerkgebou te Potchefstroom plegtig ingewy. Dit was die eerste kerkgebou in Transvaal, dit sou later ook as skoolgebou moes diens doen, en het op die Noord-Oostelike hoek van die teenswoordige kerkplein van die Hervormende gemeente gestaan.[1)]

„Dit was 'n eenvoudige langwerpige vierkante gebou, waarvan die mure tien voet hoog was, gedek met 'n grasdak. Rondom die gebou was 'n murasie opgetrek voorsien van skiet-gate en op twee hoeke voorsien van skiethokke. Die plek moes in geval van nood ook dien as 'n vlugkraal."[2)]

Die pogings om 'n predikant van die Kaapse Sinode te kry, die hewige kerklike twiste gedurende die vroeë vyftiger jare en die vraagstukke van inlywing of nie by die Kaapse Sinode, is hier nie ter sake nie. Hoofsaak was: „Burgerlyk vry en onafhanklik, wenschen wy dat ook in het kerkelyke."[3)]

Weldra sou Ds. Dirk van der Hoff, die eerste permanente predikant van die Emigrante in die Oorvaalse opdaag. Aan die onderwys sou hy dadelik sy aandag wy. Veral in die beginjare tot 1857 sou die Kerk as sodanig dan ook, as gevolg van die onvaste Staatsorganisasie, die verantwoordelikheid van die onderwys probeer dra.[4)]

3. <u>Die Onderwys op Potchefstroom tot 1852.</u>

Oor die beginjare van die onderwys in die Potchefstroomse gebied, is daar in die Argief te Pretoria niks te vinde nie. Ook gepubliseerde bronne handel hoofsaaklik/..

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 34.
2. Dreyer: Potchefstroom in die ou dae - In die Almanak van die Ned.Herv. Kerk van Afrika, 1947, 55.
3. R541/53.
4. Vgl. Hoofstuk V.

hoofsaaklik oor Kerk- en Staatsaangeleenthede, maar omdat die plek van die onderwys in verhouding tot Kerk en Staat minder omlyn was, is ons tog in staat om sekere betroubare afleidings te maak aangaande die onderwys.

Ons kan veilig aanneem dat die wêreld hierlangs, waar hierdie groep Voortrekkers hulle gevestig het, woes, leeg en onbewerk was. Soos elders in die Oorvaalse gebied, was die eerste taak van die Emigrante die bewoonbaarmaking van die nuwe gebied. Die aanleg van die dorpie en van die plase het ongetwyfeld alle aandag in beslag geneem. Water moes uitgehaal word, lande aangelê word, huise gebou word en vee opgepas word. Dit spreek vanself dat daar min geleentheid vir verstandelike ontwikkeling was.[1)]

Ons moet ook in gedagte hou dat ons baie jare na die aanleg van Potchefstroom nog geen gevestigde gemeenskap gehad het nie. So moes die trek na Ohrigstad en kort daarna weer die trek terug of verder na die Zoutpansberge, steurend gewerk het op die bevordering van onderwys. En tog was die Emigrante hier, soos elders, gesteld op 'n sekere minimum van verstandelike ontwikkeling; elke kind moes sy Bybel kon lees, uit sy geestelike liederebundel kon sing, eenvoudige korrespondensie kon voer, en ook eenvoudige syferwerk kon uitvoer. Hierdie vyf dinge - lees, sing, skryf, reken en Godsdiens- het die grondslag, en meestal die hele inhoud van die vroegste onderwys onder die trekkende

en tans/.......

---

1. Coetzee: Onderwys op Potchefstroom, 124.

en tans weer vas-wonende Boere gevorm.[1]

Die onderwys in hierdie pioniersjare moet gesien word teen die agtergrond van die eise wat die daaglikse lewe aan die onderwys gestel het.

Na aanleiding van sy eie huweliksbevestiging deur 'n landdros in 1842 skryf Paul Kruger hieroor as volg: „Voor een Kerkelike huweliksinzegening hadden de Boeren in die dagen byna geen gelegenheid evenmin als voor onderwys en voor behoorlike voorbereiding voor de bevestiging als lidmaat. De Boer moest schoolmeester, predikant en staatsamptenaar zyn."[2]

Maar in wese was die eerste inwoners van die Oorvaalse diep Godsdienstig. Dit was die gesogte voorreg vir elke jongman en jonkvrou om belydenis van die geloof te mag aflê, om lidmaat van die Kerk te mag word, om toegelaat te word tot die sakrament van die Heilige Nagmaal en om so toegelaat te word tot die heilige huwelik.[3]

Hier het ons dan die stimulus tot die mate van onderwys wat algemeen was in die dae.

Die essensiële deel van die onderwys was die onderrig van die kinders in die kuns om die Bybel te lees. Maar dit het bestaan uit meer as net die kuns van lees; dit het 'n vrywel deeglike, hoewel elementêre onderrig in lees, skryf, spelling en taal vereis.[4] Hiervoor het die Trekkers nie veel tyd nodig geag nie - dit is een van die redes waarom meester van der Linden se eerste skool op

Potchefstroom/....

1. Coetzee: Onderwys op Potchefstroom, 124.
2. Gedenkschriften 17.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838-1937,15.
4. Coetzee, t.a.p., 13.

Potchefstroom later na drie maande nagenoeg leegge-loop het.[1)]

Die resultate was seer seker nie altyd prysenswaardig nie. Met sy eerste kennismaking met hierdie toestande het Ds. v.d. Hoff die lees beskryf as „al om die vyf minute een woord."[2)] Meermale is ook kandidate vir die lidmaatskap afgewys.[3)]

Die eerste onderrig moes deur die ouers self, en in besonder deur die moeder, gegee gewees het want geestelike leiers was uiters skaars; predikante was daar nie en rondreisende onderwysers was 'n seldsaamheid. By die Potgietertrek was daar blykbaar twee. Eerstens was daar ene MacDonald wat egter reeds voor die aanleg van Potchefstroom saam met die Liebenberg-familie vermoor is by die tans nog bekende Liebenbergskoppie in die onmiddellike omgewing van Parys.[4)]

Dan was daar ook ene Tielman Roos, troue volgeling van Potgieter. In die omgewing van Potchefstroom en die Magaliesberge het meester Roos „ met sy driemaandelikse kursus heelwat families van diens gewees."[5)]

Volgens Coetzee was daar reeds in die dae toe Potchefstroom aangelê is 'n ou dame, tant Kootjie Basson, wat onder die Trekkers hier rondgegaan en onderwys gegee het. „Haar leerboeke was die „ Trap der Jeugd" en die leerlinge moes om haar skaar want daar was maar min boekies."[6)]

Potchefstroom sou/....

1. Vgl. Hoofstuk II en Hoofstuk V.
2. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk in Z.A., deel 1, bylae XXXI.
3. Vgl. Hoofstuk V.
4. Potgieter en Theunissen, t.a.p., 54.
5. Lugtenburg, t.a.p., 28.
6. Coetzee in „Potchefstroom 1838-1938," 125.

Potchefstroom sou groei. In 1844 het dit die „hoofplaats" geword van die Oorvaalse Boere-regering en daardeur 'n besondere plek ingeneem in die lewe van die Transvaalse Boerebevolking, maar die vurige wense om geordende predikante en opgeleide onderwysers te bekom, sou onvervul bly tot 1852.[1]

---

1. Vgl. Hoofstuk, V.